NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings skakel:* ***062-6561521****, of stuur 'n epos na: badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekings word nou hanteer deur: Anvie Ventures, info@anvieventures.co.za, 044 696 6585*
  - *Facebook byhttps://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

17 Mei 2019
Nr 16/2019

Warmnuus

Gesprekke met Binnelandse Sake oor huwelike

Uit die Kantoor van die *Algemene Sinode* het ons die volgende inligting ontvang: "Baie predikante beleef frustrasies met Binnelandse Sake ten opsigte van die registrasie van huwelike. Dr Gustav Claassen, Algemene Sekretaris van die NG Kerk, het die afgelope twee maande drie gesprekke met die adjunkminister, Fatima Chonan, en senior amptenare van die departement gevoer. Die laaste gesprek het veral gegaan oor die frustrasies wat predikante beleef met die registrasie van huwelike…" [Lees **hier** verder…]

Winterhoop 2019

Raak betrokke by die Winterhoopveldtog.

Die doel is, om daardie in nood, gedurende erge winterstye, op 'n praktiese manier by te staan, sodat hul lewens meer draagliker is.
Besoek http://winterhoop.org/af/raak-betrokke/ vir volledige inligting oor die projek.

Sinodenuus

Bybellees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:

➢ ***21 Mei*** Skriflesing: **Openbaring 21:10-22:5**

Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

Survivorkamp: vir alle graad 8 en 9's te Badseloop)

Dis 'n avontuur-ervaring, waar ons jongmense net deur dinge wat hul ervaar en doen, meer van hulself en hul talente leer. Ons kamp vind hierdie jaar plaas vanaf ***17 Junie tot 21 Junie 2019*****.**
Bekende leraars van die Ned. Geref. Kerk wat goed onderlê is, jonk van hart is en die Graad 8/9 kind baie goed ken, tree op as Geestelike leiers. Ons gebruik net ons beste en bekwaamste mense om die kamp vir elke jongmens onvergeetlik te maak.
Die koste vir die kamp beloop **R750** per persoon.

★ **Kliek hier** vir die volledige **inligting** asook vir die **inskrywingsvorm**. [Sluitingsdatum ***7 Junie***]

Ons het ook plek vir 'n klompie jongmense (Matrieks / Studente) om as "PERSONEEL" saam te kamp.
Ons personeel kamp vanaf ***15 Junie 2018*** om 09:00 tot ***21 Junie 2019*** saam met ons.

NB Personeel moet die verpligte personeel opleidingsnaweek bywoon.
Die koste vir die kamp vir Personeel beloop R750 per persoon. **Kliek hier vir die inskrywingsvorm!**

❖ **Excelsus kursusse: Mei en Junie**
[**Kliek hier vir die volledige inligting asook vir die res van die jaar se programme}** - **Navrae**: *Sentrum vir bedieningsontwikkeling* UP, by 012-420 6738 of excelsus@up.ac.za.

21-22 Mei: *"Al die nasies tot die einde van die aarde". Herontdek die Bybel se missionale stem. Module 2: Lig vir die nasies. Die Ou Testament se missionale stem.* [25 VBO-punte] **Kliek hier** vir die volledige inligting…
10–12 Junie: Sertifikaat in Bedieningsvernuwing – *Kursus gerig op predikante in die middelfase van hulle bediening* Module 8: Oor erediens en prediking – hoe ons die storie van die evangelie glo, vier en vertel [3e groep] 30 VBO-punte. **Kliek hier** vir die volledige inligting…

❖ **Excelsus Lentekonferensie 2019** *Dagboek solank hierdie geleentheid!*
Jy word uitgenooi na **Excelsus** se jaarlikse **Lentekonferensie**, *Lente in Bediening en Teologie*.
Dié konferensie vind plaas vanaf ***17 – 19 September 2019*** by *Universiteitsoord* en die *Universiteit van Pretoria*.
Vanjaar se tema is …. ***Hoe ons onthou, hoe ons vergeet. Om verbeeldingryk te leef.***
Hoofsprekers:
Dinsdag: **Prof Thuli Madonsela**
Woensdag: **Prof Christi van der Westhuizen**
Donderdag: **Gielie Hoffmann**

Kolleganuus

❖ **Baie geluk**
Bernice Serfontein (Waterkloof) tree op *25 Mei* in die huwelik met Johan du Preez.

❖ **Beroep**
Charlotte Sibanyoni (prop) is na die gemeente Pretoria beroep.

❖ **Verjaarsdagwense:** *Hartlik geluk aan die volgende persone:*
20/05 *Willem Boshoff* [Queenswood, kakiebos62@gmail.com, 079 881 9682]
Etienne van Staden [Soutpansberg, vanstadenetienne8@gmail.com, 083 274 3227]
21/05 *Chris Odendaal* [Emeritus, odendaalc@gmail.com, 082 335 2181]
22/05 *Stefan Botha* [Andrew Murray, Stefan@drcamp.co.za, 082 873 2528]
Zelda Massyn [Rustenburg-Moeder, zeldamassyn@thevohf.com, 074 129 3458]
Schalk Naudé [Emeritus, 082 575 5277]
23/05 *Johan Erasmus* [Emeritus, rasmusjc@telkomsa.net, 072 340 4224]
26/05 *Hendrik Barnard* [Valhalla, hjjbarnard5@gmail.com, 083 269 2768]
27/05 *Pieter Oberholzer* [Emeritus, pieterjanob@gmail.com, 082 332 5782]
Dewyk Ungerer [Raslouw, dewyku@iafrica.com, 082 572 6463]
****
23/05 *Marlene du Toit* [Villieria, derick@ngv.co.za, 012-331 1241]
27/05 *Lourens Strauss* [Kameeldrif, 084 585 8595, straussalwine@yahoo.com]

Gemeentenuus

❖ **Waterkloofrif: Nuwe e-pos adres**
Neem asseblief kennis dat die gemeente se e-pos adres verander het na: wkrif.ngk@gmail.com.

❖ **Florauna: Verandering van kontakbesonderhede**
Neem asseblief kennis dat die gemeente se Kerkkantoor vanaf 1 Mei 2019 glad nie meer oor 'n Telkom telefoonlyn sal beskik nie. Die kantoorpersoneel kan slegs tydens kantoor-ure op hul onderskeie selfoonnommers bereik word. **Whatsapp kan nie as 'n kanaal vir amptelike kommunikasie gebruik word nie**.

- **Algemene Administrasie (Lucette Labuschagne): 067 159 0245 -** E-pos: admin@ngkflorauna.co.za
(Algemene navrae, Attestate, Fluoressent, Voorbidding en verjaardae, dope, dagboek van die Kerk en geboue)
- **Leraars se sekretaresse (Zita de Lange): 067 159 4651 -** E-pos: sekretaresse@ngkflorauna.co.za
(Afsprake by Leraars, huwelike, begrafnisreëlings)

- **Saakgelastigde (Wanda Pieters): 067 136 7585 -** E-pos: kantoor@ngkflorauna.co.za
  (Kantoorbestuur, finansies)

❖ **Mootvallei: Wynveiling**
Datum: ***24 Mei*** om 19:00
Koste: R150 p/p
Vir meer inligting skakel 012-335 0611

❖ **Tuinrand: Mini-Basaar**
Waar: H/v Louise- en Diamondstraat, Claremont Pretoria.
Wanneer: Vrydag ***24 Mei***, vanaf 16:00 tot laat.
Navrae: Hanli Neuhuber, 012-379 2268.

❖ **Quaggapoort: Ester-Konferensie** met **Liesel Krause-Wiid**
Datum: Saterdag, ***25 Mei*** om 10:00.
Tema: "Stof Jou Drome Af", en toegang is GRATIS.
Bring asseblief 1 of 2 nie-bederfbare items vir die koskasprojek. Daar sal 'n Willa Krause-velproduktetafel wees om te ondersteun.
Navrae en besprekings kan gerig word aan Anthony by 0834751919 of ngkquaggapoort@gmail.com

❖ **Universiteitsoord**: **Taizé gebedsdiens**
'n Veeltalige Taizé gebedsdiens word op Maandag ***27 Mei*** om 19:00 in die gemeentekompleks van Universiteitsoord gehou ter voorbereiding vir die *Pilgrimage of Trust* wat gedurende ***25-29 September*** plaas vind. Broer Paolo van die Taizé gemeenskap in Frankryk woon die geleentheid by. Almal baie welkom!
★ Lees **hier** meer oor die *Pilgrimage of Trust* geleentheid.

❖ **Brits**: **Dames/Mansoggend - *Droom en floreer saam met Philip en Lurianne Moolman***
Datum: ***6 Julie*** – 09:30 vir 10:00
Waar: NG Brits
Koste: R150 [ontbyt ingesluit]
Bespreek: 012-252 1160 / ngbrits@mweb.co.za.

Ander nuus

❖ **Nuusbriewe**
Bybel-Media:
Nuusbrief: In hierdie nuusbrief lees ons meer oor die jongste *Kerkbode* en die Junie-uitgawe van *Lig* asook van *'n nuwe Bybelkor-publikasie* naamlik *Ek is by julle – 'n Kinderreeks vir Pinkster*. [Lees **hier** verder…]
Bederf jou pa hierdie Vadersdag: Plaas asseblief die bestellings teen *29 Mei* sodat die produkte bestel en betyds afgelewer kan word op Vadersdag ***16 Junie 2019***: *Johannes 3:16-sleutelring*; *Man of God-sleutelring*; *Staan vas – Onbeweeglik* (Joernaal); *Pas's & Seuns* deur Angus Buchan; *A Father's Prayer*.
Inligting en navrae: Skakel 0860263342 óf 021-8648210 / e-pos bestel@bmedia.co.za.

CLF: Massiewe uitverkoping
Vind hiermee die **skakel** na CLF se massiewe uitverkoping – geldig tot 31 Julie. Alle afgemerkte produkte kan aanlyn gekoop word - https://clf.co.za/product-category/books/.
Bestellings kan ook geplaas word by order@clf.co.za.
Vir enige navrae kontak CLF by 021 873 6964

❖ **Stabilis: Werkswinkel - Workshop for Christian Counsellors, Youth Workers and Volunteers on the Spiritual Support of Children facing Illness, Pain and Suffering**
[**Besoek http://peprogram.co.za/pep-talks/7-june-2019 vir volledige inligting en registrasie**.]
Datum: Vrydag ***7 Junie*** (8:00-13:30)
Waar: Stabilis, Haarhoffstraat-Oos 1229, Môregloed Pretoria.
Koste: R450 per persoon
Aanbieders: *Dr Annemarie Oberholzer* (PEProgram) en *dr Michiel vd Merwe* (Stabilis)
VBO punte: 4

❖ **HospiVision**: **3rd Biennial Conference on Spirituality and Healthcare**

When: *Pretoria*: ***23-24 May*** (venue Monument Park).
Cost for attendance for both days: R1200-00
Cost for attendance for one day only: R700-00
CPD Points: Approved: CPSC 12; VBO 15 / Applied: SACSSP 12
Enquiries:
Pretoria: June Kriel friend@hospivision.org.za / 012 329 9492

- For more information and to register please follow this link.

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Dink aan diegene wat in die winter op straat is [Winterhoop 2019].
- Ons land: samestelling van 'n nuwe kabinet.
- Pinkster.

Proponente en ander vakatures

❖ **UP Fakulteit Teologie**:

★ **Gelegitimeerde proponente 2016**
Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]

★ **Gelegitimeerde proponente 2017**
Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]

★ **Gelegitimeerde proponent 2018**
Freddie de Lange [071 483 8798, freddiedelange@yahoo.com]
Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
Chris Jacobs [076 793 0233, chrisfjacobs@gmail.com]
Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
Hendrik Smal [076 143 9559, smalhendrik@gmail.com]
Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
Jan Cloete *[083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]*
Ernst Muller *[082-656-1107, gaius117@gmail.com]*
Bertus Olivier *[082 224 6242, oli4@axxess.co.za]*
Ockie Raubenheimer *[076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir aflos gemeentebediening]*
André Smuts *[072 148 6718, sasmuts@gmail.com]*
Lizette Viviers *[082 451 4049, lizetviviers@gmail.com]*

Ten slotte

Kom ons dink voor ons plastiek gebruik…

BYLAES

Taizé Pilgrimage of Trust Byeenkoms

Wat is Taizé?
Taizé is 'n klein dorpie in Frankryk waar 'n interkerklike geloofsgemeenskap gebaseer is. Hul fokus daarop om vir jong mense van Europa en die res van die wêreld 'n ruimte te skep om te deel met mekaar, stil te word en te aanbid. Daar is ook 'n sterk klem op eenvoud. Taizé word jaarliks deur duisende jong mense besoek, onder andere baie Suid Afrikaners. Taizé eredienste is veeltalig, inklusief en spreek persoonlike worstelinge asook wêreldprobleme aan. Die musiek van Taizé is relatief nuut, eenvoudig en ryk in melodie en harmonie.

Wat is die Taizé *Pilgrimage of Trust* in Kaapstad?
Dit is 'n internasionale samekoms van meer as 10 000 jong mense van regoor Suid Afrika, Afrika en die wêreld.
In die 5 dae in Kaapstad sal jy by huisouers/gasouers- tuisgaan, aktiwiteite by verskeie kerke aanpak, en saam met die duisende ander jongmense aanbid in die Taizé styl.
Dit is 'n geleentheid vir deel, groei en aanbidding. Die samekoms is interkerklik en jy sal met mense baie anders as jouself tyd spandeer.
Die Taizé gemeenskap reël elke jaar sulke byeenkomste regoor die wêreld. Daar was voorheen in Suid Afrika in 1995 so 'n geleentheid in Johannesburg.

Wie woon die *Pilgrimage of Trust* in Kaapstad by?
Die ontmoeting is gemik op mense tussen 18 en 35, maar ouer mense kan ook bywoon.

Wanneer is die *Pilgrimage of Trust* in Kaapstad?
Dit vind tydens die Universiteitsvakansie in September plaas: 25-29 September 2019.

Wat kos dit om by te woon?
Vir mense wat nie in Kaapstad woon nie, is die bywoning **gratis**. Verblyf en kos word ook voorsien. Die enigste onkoste is dus die vervoer na Kaapstad, wat min-of-meer R1500 sal beloop.

Met wie moet ek gesels as ek meer wil weet?
Paul Vaandrager
Telefoon: 084 326 2221 Epos: taize.pretoria@gmail.com

Hoe skryf ek in om te gaan?
Stuur voor 21 Julie 'n epos aan: taize.pretoria@gmail.com

Terug